**Leef jou Roeping – Ontdek jou Gawes kursus: LEIERSGIDS**
(nav Network)

Sessie 1 – "Imagine a Church..."

**Sessie 2 – Die doel van Gawes (The purpose of gifts)**

Sessie 3 – Ontdek jou Gawes (The discovery of gifts)

Sessie 4 – Die krag van Liefde (The power of love)

Sessie 5 – Die invloed van Passie (The influence of passion)

Sessie 6 – Die belofte van Bediening (The promise of ministry)

**Inleiding – *notas vir leiers***

Die doel van hierdie handleiding is om vir leiers riglyne te gee vir kleingroepgesprekke oor die saak van gawes. Hierdie handleiding word saam met die Network participant guide (deelnemers-handleiding) gebruik. Die veronderstelling is dat elke groeplid 'n deelnemers-handleiding het.
Daar word verwys na 'n dvd, so ver moontlik is dit op youtube beskikbaar en gaan die links daarheen vir ingesluit word in die materiaal. Kyk dit asseblief – omdat dit die gesprek aanhelp.

**Nota 1:** Die bybelstudies na aanleiding van die eerste 2 preke van die reeks fokus baie sterk op God en hoe God is. Die bedoeling daarmee is baie duidelik dat ons nie kan weet wat ons roeping is, as ons nie eers baie mooi verstaan wie is die Een wat ons roep nie. Dit is God wat ons roep. En hierdie God is heilig (wwek 1) en HY werk kragtig (week 2). Ons moet nooit dink dat dit in gawes gaan oor hoe oulik ons is nie, want **dit gaan ten diepste oor God en wie Hy is**.

**Nota 2:** As ons oor gawes begin praat dan is die implikasie duidelik dat dit ten diepste daaroor gaan dat ons gawes kry om daarmee te dien en die liggaam van Christus op te bou – so weer gaan dit nie oor ons nie, **maar oor die liggaam – 1 Kor 12:1-7**

## Sessie 2 – "Die Doel van Gawes"

**Inleiding**

Die fokus van week was om te ontdek dat ons gawes kry om God te verheerlik en mekaar (die liggaam) op te bou. Die hele saak van gawes en hoe dit in mekaar steek word in sessie 2 hanteer.

**Saambid –** begin deur saam te bid en die Here te vra om vir ons duidelik op hierdie pad te lei en kragtig in ons lewens te werk. Dank Hom ook vir sy unieke plan met en unieke gawes van elkeen van die groeplede.

**Afhanklik/onafhanklik/inter-afhanklik**

**p 36 en 37 in die DH** (deelnemershandleiding) gee 'n goeie uiteensetting wat elkeen van hierdie 3 sake beteken – lees dit deeglik met jou groep deur.

**Afhanklik** – toe ons jonk was, het ons ons ouers nodig gehad om te oorleef – hulle het ons versorg en gesorg dat ons kos en klere en skuiling gehad het.
Toe ons ouer geword het, het die meeste mense meer **onafhanklik** geword (**Bespreek**: Watter spanning was daar tussen jou en jou ouers in hierdie fase van jou lewe?) Soms beskou ons onafhanklikheid as deel van volwassenheid.
God roep ons egter tot **inter-afhanklikheid**, en inter-afhanklike verhoudings. Volwasse gelowiges bly nie onafhanklik van ander nie maar hanteer verskille en beperkinge, ander se tekortkominge en unieke gawes as deel van 'n gesonde kerk **P 38 in DH**

**Oefening: Hoe om meet inter-afhanklik te word – p 39 in DH**

Wat weerhou ons daarvan om meer inter-afhanklik te word? (*Moontlike antwoorde: vrees vir mislukking, trots, swak selfbeeld, kompetisie, gee nie om nie, gemak, wil nie swak voorkom nie, samelewing hou meer van afhanklikheid...)*

Maak seker dat elkeen ten minste een stap op besluit om meer inter-afhanklik te word en deel dit met die groep.

**Geestelike gawes**

**Die doel van gawes** is om ons te help om oa **meer inter-afhanklik te word.**
**Die oefening op p 40-43 in DH** is self-verduidelikend. Laat elkeen in die groep dit doen.

Doen ook die **passings-oefening** van **p 43-51** – die doel van die oefening is sodat groeplede kan verstaan waaroor elke gawe gaan.

Die regte antwoorde is:

**Groep 1:**

| GAWE | PASSING | DRA BY TOT... |
|---|---|---|
| 1. Administrasie | B | Effektiwiteit |
| 2. Apostelskap | A | Nuwe bedieninge |
| 3. Vakmanskap | D | Handvaardighede |
| 4. Kreatiewe kommunikasie | F | Kunstige uitdrukking |
| 5. Onderskeiding | C | Duidelik maak, verduidelik, opklaar |
| 6. Ondersteuning | E | Bevestiging |

**Groep 2:**

| GAWE | PASSING | DRA BY TOT... |
|---|---|---|
| 7. Evangelisasie | K | Uitdra van die goeie nuus |
| 8. Geloof | I | Vertroue |
| 9. Gee | J | Bronne |
| 10. Genesing(s) | L | Heelheid, herstel |
| 11. Hulpverlening | G | Ondersteuning |
| 12. Gasvryheid | H | Aanvaarding |

**Groep 3:**

| GAWE | PASSING | DRA BY TOT... |
|---|---|---|
| 13. Intersessie | N | Beskerming |
| 14. Interpretasie | R | Begrip, beter verstaan |
| 15. Woord van Kennis | P | Bewustheid |
| 16. Leierskap | O | Gee rigting |
| 17. Liefde bewys | Q | omgee |
| 18. Wonderwerke | M | God se krag |

**Groep 4:**

| GAWE | PASSING | DRA BY TOT... |
|---|---|---|
| 19. Profesie | W | Oortuiging |
| 20. Herderskap | T | Voeding en versorging |
| 21. Onderrig | S | Toepassing |
| 22. Spreek in tale | V | ‘n Boodskap |
| 23. Woorde van wysheid | U | Leiding |

**NB: Geestelike gawes is nie** (p 52)

- Natuurlike talente, soos kook en sport ens... nie
- Vrug van die Gees, soos liefde, vreugde, vrede ens... nie
- Posisies in die kerk, soos ds, sondagskool onderwysers ens ... nie
- Christelike dissiplines, soos vas, gebed, studie ens ... nie

**Huiswerk ter voorbereiding van sessie 3**

**Die Deelnemershandleiding – DH** gee duidelike voorskrifte vir die huiswerk – nl die **Geestelike Gawe Ontdekking**

Die huiswerk het 3 komponente – (*aldrie moet deur die loop voor week 3 se byeenkoms voltooi word om die gesprek sinvol te maak – so moedig groeplede aan om asb daarmee moeite te doen*)

**a.** **Experience Assesment** (p 53-64) – ons weet dat almal nie dieselfde en defnitief nie al die gawes het nie – hierdie oefening gaan jou help om jou unieke gawes te help identifiseer en te verstaan. Die plan is in elk geval om met jou gawes te dien, so waarom nie dien op 'n terrein waar jy voor die gawe het nie!

Om jou te help met jou antwoord – dink aan watter opsie die meeste van die tyd waar is van jou

**b.** **Observation Assesment** (p 65-67 + p 169-185) – selgroeplede kan mekaar baie maklik hiermee help

**c.** **Spiritual Gifts Summary** (p 68) – hierdie oefening trek al die nodige sake bymekaar vir 'n bondige opsomming van jou gawes

**Samevatting en saambid**

Dit sal goed wees om net 'n bietjie te reflekteer – en laat elke groeplid dalk net sê wat hulle die meeste getref het van die Bybelstudie.

Sluit die byeenkoms af met gebed.